

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

KONSTRUKSIE MYNBOU TOERUSTING
MAATSKAPPY (EDMS) BEPERK appellant,

en

J J STEENKAMP respondent

Coram: KOTZÉ et CILLIÉ, ARR, et SMUTS, Wr. AR.

Datum van appèl: 22 Mei 1984

Datum van uitspraak: 17 Augustus 1984

U I T S P R A A K

KOTZÉ AR:

Na 'n verhoor wat op 11 Mei, 12 Mei en 29 Oktober

1982 in die Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling plaasgevind

het in 'n geding tussen die appellant (eiser) en die respondent

/ (verweerder).....

(verweerder) het regter KOTZE (toe nog 'n waarnemende regter) eersgenoemde se eis vir betaling van R5 500,00 van die hand gewys met koste. Teen daardie bevel kom die eiser, 'n maatskappy met beperkte aanspreeklikheid, nou in hoër beroep.

Die eiser se oorspronklike besonderhede van eis, soos aangevul deur nadere besonderhede, is ten effekte dat:

(1) die eiser, verteenwoordig deur E Minnaar, en verweerder

op 6 Maart 1978 te Bloemfontein mondeling ooreen-

gekom het dat eiser aan verweerder twee nuwe Inter-

national 674 trekkers verkoop teen 'n prys van R7 500,00

per trekker;

(2) dit 'n beding van die ooreenkoms was dat verweerder

/ as.....

as gedeeltelike betaling van die prys twee gebruikte

International 674 trekkers aan die eiser sou lewer

teen 'n ooreengekome waarde van R4 750,00 per trekker;

(3) dit 'n verdere beding van die ooreenkoms was dat die

balans van R5 500,00 deur verweerder betaal sou

word by lewering van die nuwe trekkers, alternatiewe-

lik binne 'n redelike tydperk na lewering;

(4) die twee nuwe trekkers kort na 6 Maart 1978 aan die

verweerder gelewer is en ondanks verstryking van 'n

'n redelike tyd na lewering en aanmaning, weier en

versuim verweerder om die bedrag van R5 500,00 aan

eiser te betaal.

Nadat die eiser se enigste getuie, Minnaar hierbo in die

pleitstukke na verwys, getuig het en net voor die afsluiting

van eiser se saak het die Verhoorregter op aansoek, namens die eiser, die besonderhede van eis gewysig: (a) deur die vervanging in (1) van die datum "6 Maart 1978" met die woorde "Gedurende die periode Julie 1977 tot Oktober 1977" en (b) deur die byvoeging na "Bloemfontein" van die woorde "alternatief Vredefort".

In sy verweerskrif het die verweerder die bewerings in (1), (2) en (3) hierbo ontken en in die alternatief soos volg gepleit:

"Verweerder (het) gedurende of omtrent Augustus 1977 'n mondelinge ooreenkoms aangegaan met eiser te 'Vaalzicht', Vredefort, in terme waarvan verweerder vier nuwe McCormick 674 trekkers by eiser gekoop het. Verweerder het vier van sy gebruikte trekkers ingeruil en was die balans betaalbaar op die koopprys / deur.....

deur verweerder die bedrag van R9 000-00.

Dit was 'n verdere uitdruklike, alternatiewelik impliseerde term van die ooreenkoms dat die koopsom betaalbaar sal wees teen volledige lewering van die vier trekkers wat verweerder aangekoop het. Eiser het versuim om volledig te presteer in terme van voormelde ooreenkoms aangesien eiser slegs twee trekkers aan verweerder gelewer het en het eiser verder, in verbreking van die voormelde ooreenkoms, versuim om gratis diens op verweerder se woonplaas te verrig."

Op 24 Maart 1982 is die verweerskrif gewysig deur

die toevoeging van die volgende verdere alternatief:

"Eiser, soos verteenwoordig deur Mnr Minnaar en verweerder (het) persoonlik te Vredefort en wel te die kantoor van Mnr Tomlinson gedurende 1978, mondeling ooreengekom dat die partye geen verdere verpligtinge teenoor mekaar het in terme van die ooreenkoms soos deur verweerder beweer nie en sou eiser in terme / van.....

van voormelde ooreenkoms derhalwe nie meer twee nuwe trekkers aan verweerder lewer nie, sou verweerder nie meer twee tweedehandse trekkers inruil by eiser nie en sou verweerder nie aanspreeklik wees vir enige verdere betalings aan eiser in terme van voormelde ooreenkoms nie."

In 'n replikasie gedateer 27 April 1982 het die eiser iedere bewering in die alternatiewe en verdere alternatiewe dele van die pleit ontken. Alternatiewelik het die eiser beweer dat, indien bevind sou word dat die ooreenkoms na verwys in die verdere alternatiewe verweer wel gesluit is, Minnaar nie magtiging gehad het om namens die eiser sodanige ooreenkoms te sluit nie.

Minnaar, soos reeds gemeld, was die enigste persoon wat namens die eiser getuig het. Hy was te alle relevante

/ tye.....

tye die eiser se takbestuurder te Bloemfontein. Gedurende
 hoofondervraging het hy vertel van 'n besoek deur hom en sy ver-
 koopsman, Crous, aan die verweerder se plaas Vaalzicht (distrik
 Vredefort) gedurende 1976. Daar het hulle na vier gebruikte
 674 trekkers (almal in feitlik dieselfde toestand) gekyk
 en voorlopig met die verweerder die aankoop deur hom van nuwe
 trekkers teen R7 500-00 per stuk teen die inruil van gebruikte
 trekkers teen R4 750-00 per stuk bespreek. Aangesien hy
 deur sy hoofkantoor verbied was om sonder magtiging inruil-
 transaksies aan te gaan het hy daar en dan 'n vrugtelose
 poging aangewend om die vereiste toestemming te verkry.
 Hy en Crous is toe terug na Bloemfontein toe en hy het eiser
 belowe dat hy sou poog om magtiging te verkry. Na verloop
 van ongeveer 'n maand het die verweerder en Crous weer vertoë
 / aan.....

aan hom gerig as gevolg waarvan hy, op eie houtjie, toegegee het en die verweerder telefonies meegedeel dat, ofskoon hy nie magtiging het nie, hy tog twee gebruikte trekkers sou neem, hulle op die vloer van die vertoonkamer sou plaas en sodra hy hulle verkoop die ander twee sou inneem en hulle dan probeer verkoop. Hiertoe het die verweerder ingestem. As gevolg het hy twee nuwe trekkers op die verweerder se plaas afgelewer en terselfdertyd twee van die gebruikte trekkers na die vertoonkamer geneem. Na 'n geruime tyd, toe Crous reeds die eiser se diens verlaat het en die eiser die agentskap reeds laat vaar het, het hy die twee gebruikte trekkers verkoop. Daarna, so lui sy getuienis, "I could not carry on with anything..... we invoiced Mr Steenkamp..... considerably later than the actual delivery of these tractors".

/ Die.....

Die invordering van die uitstaande bedrag het hy aan die
 ouditeure oorgelaat. Voorts het Minnaar getuig van 'n geleent-
 heid wat hy 'n raadgewer van die verweerder - mnr Tomlinson
 vermeld in die verder alternatiewe verweerskrif - op laas-
 genoemde se kantoor ontmoet het toe daar 'n vrugtelose onder-
 handeling in verband met die twee oorblywende nuwe trekkers
 plaasgevind het. Hierna het hy op 'n sekere dag weer aangedoen
 by Tomlinson se kantoor. Die verweerder was ook teenwoordig
 en baie ontevrede omdat die laaste twee nuwe trekkers nie af-
 gelewer was nie. Sy antwoord aan die verweerder was dat
 "right from the word go I had explained to you that we were
 not allowed to take trade in's..... unless we could pre-sell them".
 Die verweerder het in 'n ontstoke toestand die kantoor verlaat

/ en.....

en verklaar dat hy die aangeleentheid aan Tomlinson oorlaat.

Hy en Tomlinson is toe na die verweerder se plaas toe waar

hy sekere verduidelikings aan Tomlinson gegee het. Daarna

het hy 'n brief van laasgenoemde ontvang waarin bevestig

sou gewees het dat die verweerder R5 500,00 aan die eiser

skuld en dat die saak na sodanige betaling afgehandel sou

wees. Gemelde brief het egter verlore gegaan en hy kon

dit nie te voorskyn bring en aan die Verhoorhof toon nie.

Minnaar het ten sterkste ontken dat hy die ooreenkoms soos

gepleit in die verdere alternatiewe verweerskrif aangegaan

het en het bygevoeg: "I would never have been able to do a

thing like that, because I would have had to answer to my

superiors how I could give away tractors for nothing".

/Kruisondervraging.....

Kruisondervraging van Minnaar het 'n aantal afwykings van sy getuienis gedurende hoofondervraging aan die lig gebring, asook verklarings wat onversoenbaar is met die besonderhede van eis. Hy het toegegee dat die beweerde transaksie en lewering van die nuwe trekkers ongeveer gedurende Julie of Augustus 1977 en nie in Maart 1978 (soos in die besonderhede van eis beweer) plaasgevind het. Hy het ook toegegee dat met die eerste besoek aan die plaas die verkoop van vier 674 trekkers, die ontvangs van vier gebruikte trekkers, betaling deur verweerder van R9 000,00 en dat die eiser 'n waarborg sou verstrek, bespreek was, maar dat dit onderworpe was aan goedkeuring van sy hoofkantoor. Hierna het die verweerder per telefoon navraag gedoen wanneer die vier nuwe trekkers afgelewer

/ sou.....

sou word. Minnaar het erken dat toe hy die twee nuwe

trekkers gelewer het, hy geen betaling ge-eis het nie

"because we had done a transaction with him previously.....

there were no hassles or anything like that, because he

had a very good name with the banks and everything like that,

I trusted him". Met betrekking tot Tomlinson, het Minnaar

erken dat hy, verweerder en Tomlinson gedurende Maart of April

1978 in laasgenoemde se kantoor byeengekom het. Hy het ontken

dat hy gesê het dat hy die transaksie nie kon deurvoer as ge-

volg van 'n drastiese prysstyging nie maar het erken dat hy

wel gesê het dat as hy dit sou deurvoer hy sy betrekking sou

verloor weens verontagsaming van die opdrag om eers ingeruilde

trekkers te verkoop. Aan die einde van die kruisondervraging het

die Verhoorregter 'n vraag, gegrond op die besonderhede van eis

/ van.....

van die eiser, aan Minnaar gestel vermoedelik met die doel om te bepaal of die afwykings tussen sy getuienis en gemelde besonderhede versoenbaar is. Die betrokke uittreksel lui soos volg:

"Now I want to put a version of one of the parties to you, and I want you to tell me whether it transpired or not. In March 1978, (indistinct).... the following agreement was entered into between you and Mr Steenkamp, namely that you would sell two new 674 tractors for the amount of R7 500 each to him, and that you would take in two used tractors for the amount of R4 750 each, what do you say to that?-- In March 1978?

Yes?-- No Sir.

What do you say about the place of the agreement, here in Bloemfontein?-- No it was in Bloemfontein.

What do you say about the terms, in other words that you would sell two new tractors and take in two used tractors?-- Yes.

At... in other words, the agreement is that you agree on one particular day, firstly to sell two new tractors, and secondly to take the two used tractors. What do you say to that?--

/No.....

No, there was no such an agreement.

There was no such an agreement according to your evidence.-- No."

Te oordeel slegs aan die geskrewe woord, soos hierbo uiteengesit, is Minnaar se getuienis ver van oortuigend.

Maar beskou in die lig van die Verhoorregter se bevinding ;

i.v.m. sy geloofwaardigheid, waarna ek terstond verwys, is

sy getuienis beslis nie aanvaarbaar nie en was dit tereg

verwerp. O.a. lui die uitspraak:

"Reeds gedurende mnr Minnaar, eiser se enigste getuie, se hoofverhoor het ek die gevoel gekry dat daar iets nie pluis is nie. Hy, synde 'n man in sy veertiger jare, het toe reeds in hoofverhoor 'n te onsekere en ongemaklike houding gehad vir iemand wat 'n besigheid bestuur. Toe sy kruisverhoor aangebreek het, het dit gou duidelik geword van waar die ongemak kom en dit wel dat dit nie die gevolg was van een of ander persoonlikheidseienskap nie, maar wel vanweë die feit dat hy nie die waarheid vertel nie."

/ Hierna.....

Hierna meld die Verhoorregter etlike voorbeelde van Minnaar se onbetroubaarheid - sommige hiervan blyk uit die reeds aangehaalde uittreksel uit die Regter se ondervraging - en sluit dan soos volg af:

"Hoe langer sy kruisverhoor aangehou het hoe meer het sy verhaal uitgerafel en uiteindelik het hy vir die Hof probeer vertel dat hy die twee nuwe trekkers in stryd met instruksies van sy hoofkantoor afgelewer het, iets wat ook net nie aanvaar kan word nie."

Teenoor die ongunstige bevinding m.b.t. die getuienis van Minnaar het die Verhoorregter gunstige geloofwaardigheidsbevindinge m.b.t. verweerder se eie getuienis en dié van Tomlinson gemaak.

Die verweerder het op die Verhoorregter 'n "uiters gunstige en geloofwaardige indruk....gemaak" en sy getuienis is

/ sonder.....

sonder huiwering "in die totaal daarvan aanvaar. Hy het deurentyd vir die advokaat wat vrae aan hom gestel het en vir die Hof ook in die gesig gekyk en op 'n kalme, selfver-sekerde wyse sy antwoorde gegee". Kortliks gestel is die getuienis van verweerder dat Minnaar en Crous hom gedurende Augustus 1977 op Vaalzicht besoek het; sy vier gebruikte trekkers "deurgekyk" het; hulle onderhandel het en ooreengekom het dat eiser aan verweerder vier nuwe 674 trekkers sou verskaf; verweerder sy vier gebruikte trekkers sou inruil en R9 000,00 sou "toebetaal"; twee nuwe trekkers aan hom gelewer is en twee van sy gebruikte trekkers deur die eiser weggeneem is; ondanks verskeie navrae hy nie die ander twee nuwe trekkers ontvang het nie; gedurende Maart

/1978.....

1978 het Minnaar, hy en Tomlinson in laasgenoemde se kantoor bymekaargekom; na hy aandag gevestig het op aansienlike styging in die prys van nuwe trekkers en daling in die pryse van gebruikte trekkers 'n wedersydse kwytskelding (soos uiteengesit in die verdere alternatiewe verweerskrif) plaasgevind het.

Tomlinson het die verweerder se getuienis in alle wesentlike opsigte gestaaf. Hy is vier-en-sestig jaar oud, het op die Verhoorregter 'n "goeie indruk" gemaak en sy getuienis is in geheel sonder huiwering aanvaar.

Die enigste oorblywende getuie was Crous. Sy getuienis het basies dié van die verweerder gestaaf. Hy het die verhoorhof egter nie as getuie beïndruk nie en sy getuienis is slegs

/ aanvaar.....

aanvaar "in soverre dit staving vind in die getuienis van verweerder".

Dit is teen bovermelde feitlike agtergrond wat hierdie appèl beslis moet word. Die slotsom waartoe die Verhoorregter gekom het, is soos volg:

"Verweerder se relaas omtrent die gebeure (is) die waarheid en Minnaar se bewerings dat die kontrak deelbaar was, dat daar geen skikking of wedersydse kwytstellingsooreenkoms tussen die partye was nie en dat hy nie magtiging gehad het om 'n kwytstellingsooreenkoms aan te gaan en al die ander wesenlike aspekte van die saak nie die waarheid is nie. Inteendeel vind ek dat hy doelbewuste leuens vir die Hof vertel het ten einde 'n eis vir die eiser te kan grond."

Mnr Wessels, wat in hierdie Hof sowel as in die Hof a quo

namens die eiser opgetree het, het ons aandag gevestig op

/ sekere.....

sekere botsings tussen die verweerder en Tomlinson se getuienis, op 'n gebrek aan konsekwensie in die verwere geopper deur die verweerder en op grond daarvan betoog dat Minnaar se getuienis i.p.v. die getuienis van die verweerder se getuies aanvaar moes gewees het. Die uitspraak van die Verhoorregter getuig van versigtige oorweging en, hoewel daarteen gewaak moet word dat 'n reg van appèl nie tot 'n blote skimmereduseer word nie, bestaan daar nie grondige redes waarom daar in hierdie saak met sy geloofwaardigheidsbevindinge ingemeng behoort te word nie. Trouens die afwykings in Minnaar se getuienis waarna ek reeds verwys het en die antwoorde wat hy verstrek het aan die Verhoorregter in die uittreksel hierbo aangehaal, vernietig, na my mening, die

/ versie.....

versie van die mondelinge ooreenkoms soos deur die eiser gepleit. Dit, in sigself, doen ernstige afbreuk aan Minnaar se geloofwaardigheid en maak inmenging met die feitebevindinge van die Hof a quo gevaarlik. Indien hierdie Hof teen inmenging met die feitebevindinge sou besluit, het mnr Wessels nogtans betoog dat die ooreenkoms deelbaar is en, aangesien die verweerder twee trekkers aanvaar het, hy die bedrag van R5 500,00 aan die eiser verskuldig is. Die antwoord op 'n vraag of 'n ooreenkoms ondeelbaar is, hang van die bedoeling van die partye soos afgelei van hulle woorde en optrede en van die geaardheid van die prestasie af. (Vgl. Collen v Rietfontein Engineering Works, 1948 (1) SA 413 (A) te bl. 435.) Die getuienis van Steenkamp was dat daar nie op afsonderlike pryse

/ooreengekom.....

ooreengekom is vir iedere nuwe en gebruikte trekker nie -
slegs oor die verskil wat inbetaal moes word. Die verweerder
se getuienis, wat tereg deur die Regter a quo aanvaar is,
en die optrede van die partye na die vier trekkers op die
plaas "deurgekyk" was, dui op 'n globale transaksie: vier nuwe
trekkers word gekoop, vier gebruikte trekkers word ingeruil
en 'n enkele ooreengekome bedrag word inbetaal. Die betoog
ten aansien van die beweerde deelbaarheid van die ooreenkoms
slaag gevolglik nie. Steeds is dit nie die einde van die
eiser se betoog nie want voor ons is ook aangevoer dat "indien
hierdie Hof sou bevind dat eiser nie die bepalinge van die
kontrak nagekom het deur slegs twee trekkers te lewer nie,
word daar desnieteenstaande betoog dat die eiser geregtig
is op betaling van die bedrag van R4 500,00 op die basis van

/n kontraktuele.....

'n kontraktuele eis om 'n verminderde kontrakprys". Ter

ondersteuning van hierdie kontensie is 'n beroep gedoen op

BK Tooling v Scope Precision Engineering, 1979 (1) SA 391 (A).

Daar kan ook nie aan hierdie betoog gehoor gegee word nie

aangesien die eiser nie sy eis daarop ingestel het om op

billikheidsoorwegings 'n verminderde kontrakprys te verhaal

nie: eiser het sy eis gegrond op 'n kontraktuele versie wat

die Verhoorhof verwerp het. (Kyk Dalinga Beleggings (Pty)

Ltd v Antina (Pty) Ltd., 1979 (2) SA 56 (A) pp 63-4 en op

pp 434 G - 435 A van die B K Tooling-saak, supra.)

Dit volg dus dat die appèl afgewys behoort te word.

Ook die bevinding van die Regter a quo dat 'n "skikking

/ of.....

of wedersydse kwytskeldingsooreenkoms tussen die partye"

inderdaad aangegaan is kan, na my mening, nie mee ingemeng word

nie. Die gunstiger posisie wat 'n regter van eerste instansie

geniet by die beoordeling van feite is oorbekend en behoef

geen herhaling nie. Maar, aldus 'n kragtige betoog deur mnr

Wessels, bestaan daar tog voldoende materiaal en grondige rede

in die vorm van twee briewe, gedateer 5 Maart en 24 April

1979; vir die verwerping van die getuienis van die verweerder

en Tomlinson dat 'n kwytskeldingsooreenkoms ooit bereik is en

vir die bevinding dat die verweerder die bewyslas in hierdie

opsig nie gekwyd het nie. Kort gestel betoog mnr Wessels soos

volg. Dit blyk uit die getuienis dat op 30 Oktober 1978

verweerder skriftelik namens eiser aangespreek word vir betaling

/ van.....

van die "outstanding account"; dit het verweerder onthuts
 maar hy reageer nie; baie later het 'n skuldinvorderaar
 die eis mondeling herhaal; verweerder sê aan hom "ek skuld
 die mense niks nie"; erg ontsteld gee hy aan sy prokureur
 opdrag om per brief te verduidelik van die skikking en daarna
 word die briewe van 5 Maart en 24 April deur die prokureur
 geskryf. Eersgenoemde brief lui:

"Ons is gelas deur mnr J J Steenkamp van
 Vaalzicht, Vredefort, om aan u te skryf in
 verband met 'n koop-ooreenkoms gedurende of
 ongeveer Augustus 1977 deur hom aangegaan met u
 Bloemfontein afdeling. In terme hiervan het
 mnr Steenkamp by u vier nuwe McCormick 674
 trekkers gekoop en het hy vier oues ingeruil.
 Die verskil wat hy moet inbetaal is R9 000,00.
 Dit was 'n verdere onderneming dat gratis
 diens op sy woonplaas vir hom verrig sal word,
 wat nie gedoen is nie. Hy het nog net twee
 van die trekkers ontvang en vereis dat die
 ander twee nuwe trekkers onmiddellik aan hom

/ afgelewer.....

afgelewer word, en dat besit geneem word van die twee trekkers wat op hulle ingeruil word. Teen lewering van die twee nuwe trekkers sal die koopsom, naamlik R9 000,00 onverwyld aan u oorbetaal word. Dit was 'n uitdruklike en/of impliseerde term van die ooreenkoms dat die R9 000,00 betaalbaar sal wees teen volledige lewering van die vier trekkers wat aangekoop is.

U spoedige aandag sal op prys gestel word."

Die brief van 24 April lui:

"Ons verwys na bostaande aangeleentheid en ons skrywe van 5 laaslede.

U het geensins gereageer op ons skrywe nie en mnr Steenkamp kan nie langer die twee gebruikte trekkers tot u beskikking hou nie, want hulle neem daagliks in waarde af.

Ons kliënt vereis derhalwe dat die twee nuwe trekkers binne veertien dae na datum hiervan gelewer word en by gebreke daaraan sal ons kliënt verplig wees om die twee tweedehandse trekkers daarna teen so 'n prys as wat hy kan kry sal verkoop en die koopsom sal afgesit word

/ teen.....

teen die bedrag nog aan u verskuldig en die balans sal aan u betaal word sodra u die nuwe trekkers lewer.

Hierdie aangeleentheid kan nie onbepaald oor-gehou word nie en hierdie kennisgewing moet beskou word as finaal."

Dit is ondenkbaar, so betoog mnr Wessels, dat indien daar werklik 'n skikking was die briewe dit nie sou meld nie en dat voorgegee sou word dat twee gebruikte trekkers steeds tot eiser se beskikking gehou word. Die Regter a quo het hierdie briewe nie oor die hoof gesien nie soos blyk uit die uitspraak:

"Die Hof het ook in aanmerking geneem dat sy prokureur in die aanmaningsbriewe dit gestel het dat die twee tweedehandse trekkers wat nog op verweerder se plaas gestaan het tot beskikking van eiser gehou word terwyl verweerder se eie getuienis openbaar het dat

/ hy.....

hy daardie tweedehandse trekkers na verloop van ongeveer sewe maande weer begin gebruik het. Ek is egter oortuig daarvan dat hierdie verskil nie voortspruit uit ongeloofwaardigheid aan die kant van verweerder nie, maar as oorsaak het dat onnoukeurige taal in sy prokureur se briewe gebruik is of andersins net dat die posisie nie daarin volledig verduidelik is nie."

Verder is dit van belang om voor oë te hou dat ten tye van die bespreking in Tomlinson se kantoor nuwe trekkers aansienlik duurder was as in Augustus 1977 en gebruikte trekkers toe tussen R700,00 en R1 000,00 minder werd was. Volgens die verweerder se getuienis sou dit hom "betaal het om die trekkers te gekry het, enige tyd daarna, as hulle die trekkers sou gelewer het." Dus sonder om afstand te doen van die skikking sou hy bes moontlik geredelik oorweeg

/ het.....

het om die ander twee nuwe trekkers te aanvaar. Ook van belang is die datum van die verdere alternatiewe verweerskrif: 24 Maart 1982 - ongeveer ses weke voor die verhoor toe konsultasies ter voorbereiding daarvan waarskynlik plaasgevind het en die deurslaggewende belang van die samespreking in Tomlinson se kantoor duidelik geblyk het. Dit is die waarskynlike rede dat die wysiging eers op so 'n laat tydstip plaasgevind het. Die Verhoorregter het 'n ex tempore uitspraak gelewer toe die indrukke wat hy gevorm het nog vars in sy geheue was en sy uitgesproke oortuiging dat onnoukeurige taal of onvolledige verduideliking eerder as ongeloofwaardigheid die gebreke in die briewe verduidelik, dra veel gewig.

Die enigste oorblywende vraag is of die Regter a

/ quo.....

quo tereg bevind het dat Minnaar wel magtiging gehad het om die skikkingsooreenkoms namens die eiser te sluit. Sy benadering was dat die eiser se eie bewering in die pleitstukke dat Minnaar magtiging gehad het om twee trekkers te verkoop, dat Minnaar eiser se takbestuurder was, dat hy, volgens verweerder, opgetree het as 'n gevolmagtigde en dat, aldus Minnaar self, hy byvoorbeeld ooreenkomste m.b.t. grondboontjieplukkermasjinerie aangegaan het, minstens prima facie bewys dat die beweerde magtiging wel in Minnaar gesetel het en dat by ontstentenis van getuienis van byvoorbeeld 'n direkteur van die eiser dat Minnaar nie magtiging gehad het nie, dié bewys afdoende word. Met hierdie benadering gaan ek akkoord.

/ Die.....

Die appèl word met koste afgewys.

G.P.C. KOTZE

CILLIE AR)
SMUTS Wr. AR) STEM SAAM.